



A photograph of a person from the side, their head bowed and hands clasped in a prayerful gesture. They are wearing a light-colored, possibly white or cream, garment. The background is a soft-focus blue, suggesting a serene or spiritual atmosphere.

# Bekering Teenoor God

DEUR GERALD FLURRY



# Bekering Teenoor God

---

DEUR GERALD FLURRY

---

**Hierdie boekie is nie te koop nie.**  
Dit is 'n gratis opvoedkundige diens  
in die publieke belang. Gepubliseer  
deur die Philadelphia Church of God.

Redaksionele hulp verleen deur Joel Hilliker.

© 2012 Philadelphia Church of God  
*Alle Regte Voorbehou*

*Gedruk in die Verenigde State van Amerika*  
Skrifgedeeltes in hierdie publikasie is ontleen vanuit  
die 1953 Afrikaanse Vertaling tensy anders gemeld

Weet u wat die verskil tussen goddelike  
berou en wêreldse berou is? Hierdie  
boekie kan u lewe dramaties verander!



**“S**O LAAT EK HIER IETS OMTRENT BEKERING SÊ, WAT EK vind die meeste mense nie verstaan nie,” het Herbert W Armstrong in Volume 1 van sy ‘*Autobiography*’ geskryf. Die OMMEKEER wat ‘n *vereiste* is vir werklike bekering om die Heilige Gees van God te ontvang, is by verre anders as wat die meeste mense vermoed. Dit is oneindig meer as net ... om met *sekere leerstellings akkoord te gaan.*

“Wie u ookal mag wees, U HET ‘n AFGOD, of u *het een gehad*. U het ‘n ander ‘god’ voor die ware, lewende Almagtige God gehad ... Dit mag u eie YDELHEID wees of u besigheid of u beroep. Dikwels is dit die *opinie van u vriende*, familie, u groep, sosiale of besigheidskontakte.

“Maar wat dit ookal is, daardie afgod moet eers VERNIETIG, VERPLETTER word—in wese moet dit letterlik *uit u verstand geskeur word*, al is dit seerder as om al u tandé en ‘n gedeelte van u kakebeen te trek! ... Ek is nie bewus van enige verdowingsmiddel wat dit aangenaam sal maak nie. Gewoonlik wil dit voorkom asof dit selfs meer folterend kan wees, as doodsgangs deur die wredeste marteling ...”

“Eksélf was nooit werklik *bekeerd* totdat ek op die plek gebring was, waar ek my eie onbeduidenheid en God se allesomvattende GROOTHEID besef het—waar ek totaal verslaan was. Waar ek myself as ‘n waardelose, uitgebrande ‘stuk menslike gemors’ beskou het, wat nie eens werd was om op die ashoopt van menslike versonkenheid gegooi te word nie, waar ek berouvol was omdat ek my verbeel het dat ek ‘iemand’ was en bitterlik JAMMER—regtig en waarlik berouvol was vir die rigting van my lewenswandel en die dinge wat ek gedoen het.”

Dit is om tot diepe inkeer te kom. En, soos mnr. Armstrong gesê het, verstaan die meeste dit nie.

Het u al geleer om tot inkeer te kom soos wat mnr. Armstrong dit uiteengesit het?

“Ek het aan God gesê dat ek nou gewillig was om **MYSELF** en my **LEWE** aan Hom te gee,” het hy voortgegaan. “Vir my, was dit nou nutteloos. Ek het Hom vertel dat indien Hy dit kon gebruik, kon Hy dit kry! Op daardie tydstip het ek nie gedink dat dit enigsins—selfs in God se hande, bruikbaar was nie!”

“Laat ek aan die leser sê, as God daardie algehele nikswerd en selferkende mislukking waartoe ek gekom het, kon neem en daardie lewe gebruik om te ontwikkel en te bou, soos Hy gedoen het, kan Hy ook u lewe neem en op ‘n manier soos u dit in u wildste drome nie kan dink nie, gebruik—indien *u*, u lewe sonder enige voorbehoud aan Hom toevertrou en in sy hande plaas!” (Klem myne). Hoeveel van ons het dit al gedoen?

“Wat sedertdien gebeur het, is nie tot my eer nie—maar dit vergroot weereens die **KRAG VAN GOD** om ‘n waardeloze werktuig te neem en sy **WIL** daardeur te volbring!

“Moet nooit dink dat dit enigsins maklik was nie. Soos ‘n moeder geboortepyne beleef sodat haar kind gebore kan word, moet die meeste van ons ly sodat **ONS IN GOD weergebore** kan word—selfs in hierdie eerste verwekkingsstadium wat ons bekering noem!”

Mnr. Armstrong het ‘n totale oorgawe aan God beskryf.

Mnr. Armstrong het ‘n werk wat meer as \$200 miljoen jaarliks ontvang het, opgebou. Hy was weekliks op 400 televisiestasies en het ook ‘n belangrike tydskrif, die **“Plain Truth,”** met ‘n maandelikse sirkulasie van 8 miljoen eksemplare, gepubliseer. God het hom op ‘n kragtige wyse gebruik.

So ‘n bekeerde omskepping is ‘n lewenslange proses. **BEKERING IS OM GOD SE GEDAGTES TE HÊ—EERDER AS WÉRELDE GEDAGTES, EMOSIES EN BEGEERTES.** Ons moet soos God dink! Dit is besonder moeilik om te verwesenlik, asook ‘n baie diep onderwerp om oor na te dink. Ons moet voortdurend in hierdie omskeppende denkwyse *groei*. Die doop is net die wegspringplek.

Die Apostel Paulus dit so beskryf: “Terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die **BEKERING TOT GOD** en die geloof in onse Here Jesus Christus” (Handelinge 20:21).

Ons weet waarom ons geloof in Jesus Christus moet hê: ons moet aan *sy* offer glo en dit aanneem sodat ons met God versoen kan word en die Heilige Gees kan ontvang. Maar hoe diep verstaan ons egter BEKERING TEENOOR GOD?

### **DAWID SE SONDE**

Daar is talle voorbeelde in die Bybel van bekering tot God. Die een van Dawid is egter een van die mees uitstaande voorbeelde.

Dawid het 'n swakheid gehad vir pragtige vroue. Hierdie problem was reeds geruime tyd met hom—wat hy tot op daardie stadium nog nie oorwin het nie. Aaklike dinge het in Israel losgebars as gevolg van daardie sonde. Duisende mense het daaronder gely en omgekom.

Bátseba, die vrou van een van Dawid se beste kapteins, was op 'n dag besig om nakend op die huisdak te bad. Sy moes bewus daarvan gewees het dat Dawid haar kon sien. Haar eggenoot was op daardie stadium weg op krygsdiens en haar optrede was nie lojaal teenoor hom in sy afwesigheid nie. Daardie nag het Dawid 'n besluit geneem, wat vir die res van sy lewe in sy geheue ingebrand sou bly—een waardeur hy voortaan sou ly, vanweë die gevolge wat dit vir Israel ingehou het.

Bátseba het swanger geraak en Dawid het 'n groot probleem op hande gehad. Toe het hy begin planne beraam. Hy het 'n boodskap aan Uría, Bátseba se eggenoot, gestuur om huis toe te kom en by sy vrou te wees. Maar Uría het op daardie stadium oor meer karakter as Dawid besit. Hy het geweier om by haar te slaap, solank as wat sy makkers nog in 'n stryd gewikkeld was. Dus was Dawid se eerste plan onsuksesvol.

Dawid bedink toe 'n tweede plan. 'n Paar mans het probeer om Uría dronk te maak, sodat hy *dan* by Bátseba sou slaap. Weereens het Uría nie saamgewerk nie.

Dawid het desperaat begin word en al verder van God af weggedryf. Sy derde plan was die boosste plan ooit. Hy het Uría se bevelvoerder opdrag gegee om hom na die voorste linies, waar die hewigste gevegte gewoed het, te stuur waar hy sou sneuwel. Dit is presies wat gebeur het.

Dinge het goed gelyk vir 'n paar maande. Dawid het Bátseba tot vrou geneem. Dawid het gedink dat hy met alles weggekom het.

Maar toe verskyn ‘n profeet van God op die toneel. *Dawid was op die punt om ‘n diep les in bekering te leer.*

“Daarom het die Here Natan na Dawid gestuur. Toe hy by hom inkom, sê hy vir hom: Daar was twee manne in ‘n sekere stad, die een was ryk en die ander arm” (2 Samüel 12:1). Die profeet Natan het hierdie storie, van ‘n ryk man met ‘n menigte kleinvee en ‘n arm man met een enkele ooilam, waarvoor hy besonder lief was, aan Dawid begin vertel. Hy het vertel hoe die ryk man ‘n reisiger ontvang het en besluit het om instede daarvan om een van sy eie lammers te slag, het hy “die ooilam van die arm man geneem en dit voorberei vir die man wat by hom gekom het” (vers 4).

Die storie het Dawid emosioneel geraak. “En Dawid het baie kwaad geword vir die man en aan Natan gesê: So waar as die Here leef, die man wat dit gedoen het, moet sterwe!” (Vers 5). ‘n Ernstige veroordeling! Die man wat dit gedoen het moet sterwe, het hy gesê, omdat hy geen ontferming geken het nie (vers 6). Hy het nie besef dat hy Uría self so behandel het nie.

Op daardie tydstip het Natan, Dawid se sonde in die ope gebring. “U is die man” het hy hom meegedeel (vers 7).

---

### **DAWID KOM TOT DIE BESEF**

“Waarom het jy die woord van die Here verag deur te doen wat verkeerd is in sy oë?” Het Natan gevra. ‘n Moeilike vraag! “Uría, die Hetiet het jy met die swaard verslaan, en sy vrou het jy vir jou as vrou geneem, nadat jy hom deur die swaard van die kinders van Ammon vermoor het” (vers 9). *Jy het die daad gedoen, Dawid,* het Natan gesê, *selfs al het jy nie persoonlik die swaard gelig nie.* God was bewus van alles-tot in die fynste besonderhede van Dawid se gruwelike sonde. Op een of ander wyse het Dawid so ver van God afgedwaal, dat hy nie gedink het dat God daarvan bewus was nie.

Hierdie sonde het Bátseba se lewe uitmekaar geskeur. Haar hele gesin was vernietig en selfs haar kind wat deur Dawid verwek was, het gesterf. Die hele Israel het daarvan te hore gekom. Almal moes weet, omdat Dawid nie die probleem aangespreek het toe hy dit moes doen nie.

Terwyl al hierdie dinge aan die gebeur was, het Absalom, Dawid se seun, by homself gedink: *Wel, hy is duidelik nie*

*bevoeg om te regeer nie. God het so aangedui. Ek sal oorneem. Hy het in opstand gekom en die Israeliete teen Dawid gelei en hom agtervolg. 23 000 Man het gesneuwel. Dit alles vanweë Dawid se sonde.*

“En nou sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie, omrede DAT JY *MY* verag het en die vrou van Uría, die Hetiet, geneem het om jou vrou te wees” (vers 10). Was God te emosioneel of oordrewe dramaties hieroor? *Jy het My—God—verag!* Het Hy aan Dawid gesê. Lees verse 11 en 12, waar God hom ‘n baie streng vonnis oplê. Dawid was koning oor Israel—hy was teenoor almal aanspreeklik. Hy was dienooreenkomsdig gestraf.

Let nou op na Dawid se reaksie.”Ek het gesondig *teen die HERE*” (vers 13). ‘n Baie interessante antwoord. Hy het nie gesê dat hy teen Uría of Bátseba of Israel gesondig het nie. Ná al die verwoesting wat hy oor so baie lewens gebring het, was sy grootste besorgdheid, dít wat hy aan God gedoen het.

Besef u, dat wanneer u sondig, u **TEEN GOD** sondig?

“En Natan sê vir Dawid: So het die HERE dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie. Maar *omdat u die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te LASTER*, sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe” (verse 13-14). Wanneer ons sondig, gee ons mense die geleentheid om God te belaster. Ons kan allerhande probleme sodoende die Kerk inbring. Die rede daarvoor is dat *ons God verteenwoordig*.

---

### PSALM 49

Psalms 49, 50 en 51 praat almal van Dawid se bekering van sy sonde.

“Hoor dit, alle volke, luister alle bewoners van die wêreld” (Psalm 49:2). Hy het ‘n openbare proklamasie aan die hele wêreld bekend gemaak. Dawid het werklik sy hart in hierdie psalms bloot gelê, soos min mense kan. Neem in aanmerking dat hierdie psalms vandag in musiek oorgesit en gesing word.

In vers 5, “Ek sal my neig tot ‘n spreuk;” is die gelykenis wat Natan aan Dawid vertel het—‘n gelykenis wat Dawid nooit vergeet het nie.

“Waarom sou ek vrees in die dae van onheil, as die ongeregtigheid van my onderkruipers my omring?” (Vers 6).

Dawid het sy eertydse houding betreur: *Hoekom sal ek bevrees wees? Ek is koning—kan konings nie met sonde wegkom nie?* Hy het egter nou besef dat hy nie vir Uría kon terugbring nie: “Niemand kan ooit ‘n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie … dat hy vir ewig sou voortlewe, die vernietiging nie sou sien nie” (verse 8, 10). *Selfs al is ek koning, kan ek hom nie help nie, ek kan hom nie terugkoop of hom die ewige lewe gee nie. Wat kan ek doen?* Het Dawid gewonder.

“(Want die losprys van hulle lewe is te kosbaar en vir ewig ontoereikend)” (vers 9). Dawid het die behoefte aan Christus se offer begin besef. Daar sou baie ongeregtigheid in hierdie wêreld wees wat nooit behoorlik opgelos sou kon word nie, as daar nie iemand was wat ons kan opwek en die kans gee om in God se Familie gebore te word nie.

“Want hy sien: wyse manne sterwe, die dwaas en die onverstandige kom tesame om en laat hulle vermoë aan ander na. Hulle binneste gedagtes is: hul huise sal vir ewig wees, hul wonings van geslag tot geslag; hulle noem die lande na hul name. Maar die mens wat in aansien is, hou nie stand nie; hy is soos die diere wat vergaan” (verse 11-13). Mense dink, moontlik onbewustelik, dat hul vir ewig gaan lewe, maar uiteindelik sterf hulle net soos die diere. Alle mense sterf en dit is die einde daarvan, sê Dawid (verse 14-15).

Wanneer u sondig, sien u miskien hoe u sonde ander mense seermaak. Dit is wat Dawid hier gesien het. Maar het u bekering teenoor God? U moet versigtig wees dat u nie maar net ‘n menslike berou teenoor u sonde het nie, want dit sal u nie beweeg om u probleme te oorkom nie. Ons bekering moet bokant die menslike vlak uitstyg. Slegs goddelike berou—bekering teenoor God—sal maak dat u oorwin. Tot dusver het Dawid nog meer gehad om oor bekering te leer.

---

## PSALM 50

“Oor jou offers bestraf Ek jou nie, en jou brandoffers is altyddeur voor My” (Psalm 50:8). Dawid het steeds offerandes gebring—terwyl hy besig was om te sondig—en God het gesê, *Dit beteken niks vir My nie*, Dawid. Alles behoort aan God (vers 11). God het nik van ons nodig nie. Daardie offers was

net om mense se aandag op Christus se offer te vestig. *Dit is die offer waaroor ons besorg moet wees.*

Wanneer u sondig, steek *u* 'n spies in Christus se sy. Dis die rede waarom Hy gesterf het—omdat *ek en u* sondig. Selfs al sou niemand anders behalwe u, die Koninkryk van God binnegaan, sou Christus Homself steeds aan daardie grusame teregstelling onderwerp het. Daar is 'n verskriklike straf vir sonde en iemand moet dit betaal. Dit is hoe dit moet wees, ooreenkomstig God se wet.

God het Dawid regtig hieroor bestraf. "Terwyl jy die tug haat en My woorde agter jouwerp" (vers 17). Dawid het die punt bereik waar hy God se woorde en sy wet, *gehaat het*. Hy was as koning veronderstel om 'n voorbeeld vir Israel te wees. Dus was God se ergerlikheid jeens Dawid geregverdig. Dawid het sy verbond met God vergeet.

Ons moet ook tydens ons doop 'n verbond met God sluit.

Lees verse 18-20. God was baie spesifiek oor die dinge waaraan Dawid skuld gehad het. Hy het homself skuldig gemaak aan diefstal, egbreuk, moord, misleiding, laster—'n hele spul gruwelike sondes. "Hierdie dinge het jy gedoen, en *sou Ek swyg?* Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel" (vers 21). God het toegelaat dat nege maande verbygaan, voordat Hy aandag daaraan geskenk het. Waarom? *Omdat Hy Dawid kans gegee het om tot inkeer te kom.* Maar Dawid het nie. Dawid het begin dink, *God dink nes ek—ek is in die kol.* Maar God dink *nie* soos ons nie! Ons moet ons gedagtes in ooreenstemming met God s'n rig. Hy sal dikwels wag dat ons tot inkeer kom, soos Hy met Dawid gedoen het. **ONS MOET SEKER MAAK DAT ONS HOM NIE TE LANK LAAT WAG NIE.**

God was baie geduldig met Dawid en so is Hy ook met ons. As u *werklik* u eie sondes sien, weet u dat dit waar is. Hy is geduldig en vergewensgesind. Maar *u is nie verhewe bo die wet nie.* Niemand is nie! Dawid het gedink hy was. God het egter daardie houding baie vinnig reggestel. **ALMAL IS ONDERWORPE AAN DIE WET. DIT IS HOEKOM CHRISTUS GESTERF HET—OMDAT DAAR ALTYD 'N BOETE TEN OPSIGTE VAN DIE WET BETAAL MOET WORD.**

Psalm 50 wys dat Dawid meer bitterlik berouvol geword het. Hy was besig om te leer om bekering teenoor God te hê.

*vervolg op bladsy 10*

# Hoe om Sonde te Voorkom

**B**ESEF U, DAT AS DIT VERKEERD IS OM ‘N SEKERE DING TE DOEN, DIT OOK VERKEERD IS om GEDAGTES daaaroor in u gemoed te koester?

“Almal het gesondig” sê die Skrif.

Wat is sonde in elk geval?

God se definisie is, “sonde is wetteloosheid” (1 Johannes 3:4)—ongehoorsaamheid aan die wet van LIEFDE, soos dit deur die Tien Gebooie gedefiniéer word.

Jesus het gesê: “Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein. Want van binne, uit die hart van mense, kom slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug [almal oortredings van die wet—die Tien Gebooie]” (Markus 7:20-22).

“ALMAL het gesondig” verklaar die Skrif. En watter mens en veral watter Christen, is daar wat nie, keer op keer die stryd teen sonde ervaar, soos dit deur die Apostel Paulus beskryf word nie? “Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek ... Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek” (Romeine 7:15, 19). Wie is daar wat nie al daardie stryd VERLOOR het nie, dalk menige kere?

Natuurlik kan geen mens by homself, bo die sonde lewe nie. “Met die mens is dit onmoontlik,” het Jesus verklaar, “maar met God is alles moontlik.”

En Paulus gaan voort (Romeine 8:4, 14) om te wys dat die enigste VERLOSSING van hierdie “liggaam van die dood” deur Jesus Christus en die inwonende mag van God se Heilige Gees is—“sodat die REG van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees ... dié is kinders van God.”

Ja, maar ons het ook ons deel daarin. En dit draai alles om die GEMOED.

BEKERING van sonde beteken letterlik, om ‘n gemoedsomkering teenoor sonde te hê. Indien ons ons bekeer en gedoop word en Jesus Christus as ons Verlosser aanvaar, is die belofte dat ons die gawe van die Heilige Gees SAL ontvang “en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed” (Efésiërs 4:23). Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is die VERNUWING van die gemoed.

Hoe gebeur sonde in werklikheid? “Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid [begeerte] weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid [begeerte IN DIE GEMOED] ontvang het, baar dit sonde; en as sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort” (Jakobus 1:14-15).

Die VERSOEKING is in die gemoed. Wanneer u aan die versoekking dink—u gedagtes daarop laat dwaal—dit oor en oor in u gedagtegang omdraai—òf dit nou ‘n begeerte is om iewers heen TE GAAN, òf om iets TE DOEN, òf om iets TE BESIT wat u weet verkeerd is—daardie soort gedagtegang bring uiteindelik voort—lei tot aksie—en bring SONDE VOORT.

U sal dan uiteindelik die daad PLEEG waaraan u voordurend bly dink het, of begeer het om te doen. Indien u herhaaldelik daaraan dink, sal u na ‘n ruk NIE MEER IN STAAT WEES om dit te weerstaan nie.

Dit is waarom u so dikwels die stryd teen sonde verloor het—u het aanhoudend daaraan gedink, dit begeer en wou dit besit.

Om die sonde te voorkom moet u God se Heilige Gees toelaat om u gemoed te vul. “Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie” (Kolossense 3:2).

Die manier om ‘n ding UIT u gemoed te kry is om ‘n teenoorgestelde gedagte IN u gemoed te plaas.

So dikwels het ek gesien dat ouers van babatjies so hard probeer om die baba te sus wanneer hulle huil. Daar is òf iets wat pyn veroorsaak en uit die weg geruim moet word, òf daar is moontlik iets in die baba se gedagtegang wat die huilery of onrus veroorsaak. Om net die baba te sus of te beveel om op te hou huil, lewer dikwels nie die gewenste resultate nie.

Ons het vier kinders grootgemaak en ek het lankal geleer hoe om’n baba stil te maak deur sy gedagtes met iets anders af te lei. In plaas daarvan om die baba te beveel om stil te bly, probeer om eerder sy aandag met ‘n nuwe voorwerp af te trek, deur hom geïnteresseerd te kry om daarmee te speel (ek het dikwels my vulpen met uitstekende resultate gebruik)—en sommer gou-gou het die kind vergeet om verder te huil.

Probeer om hierdie selfde metode op uself toe te pas. Maar in pleks van fisiese of wêrelde dinge, moet ‘n volwasse persoon selfdissipline aan die dag lê en eerder die gemoed op geestelike dinge vestig. Maak u Bybel oop. Bestudeer ‘n geestelike onderwerp, vul u gedagtes daarmee.

Probeer dit die volgende keer wanneer u versoek word. Bid daaroor. Vra God om u te help. Sien hoe vinnig u die oorwinning oor die versoekking en sonde begin behaal en hoe wonderlik sal u geestelike-, sowel as KARAKTERGROEI wees.

—Herbert W Armstrong

Uittreksel vanuit die “*Good News*,” Junie/Julie 1983.

Dit gaan veel dieper as om net begrip te hê vir die pyn van 'n ouer wanneer 'n kind iets verkeerd doen. Op daardie vlak kan ons onsself met God vereenselwig, maar om bekering teenoor God te hê, gaan veel dieper as dit.

## **DIE GOEDHEID VAN GOD**

"En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug? Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie" (Romeine 2:3-4). Vanselfsprekend is bekering deur die Heilige Gees, maar hier word gesê dat dit die goedertierenheid van God is, wat ons daarheen lei.

Besef u hoe goed God werklik is? Hoe goed Hy vir u is? Hoeveel Hy u gegee het? Wanneer ons onsself evalueer en met die goedheid van God vergelyk, sien ons hoe boos ons in werklikheid is. Vergelyk u goedheid met dié van God en dan sal u sien hoekom ons ons werklik teenoor *God* moet bekeer en nie teenoor mense nie.

Hoe goed is God? Dink maar net aan Christus se kruisiging. Let op na Génésis 22. Nadat Abraham bewys het dat hy gewillig was om sy seun aan God te offer, het die God wat later Jesus Christus geword het, gesê: "*Ek sweer by Myself*, spreek die Here, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel..." (Génésis 22:16-17). In hierdie belofte aan Abraham het God *by Homself* gesweer. Met ander woorde, Hy het aan Abraham gesê, *Ek gaan my lewe vir jou aflê of sterf in die poging. Omdat jy hierdie ding gedoen het, sal my dood vir jou sonde betaal en ek sal jou in my Familie inbring. Dit sweer Ek vir jou op my eie lewe.*"

Ja, toe Christus na hierdie aarde toe gekom het, was sy lewe op die spel. Hy kon inderdaad sondig. Christus se lewe was die grootste risiko in die geskiedenis van die mens. Maar Hy het die waagstuk geneem omdat Hy mense soos Abraham in sy Familie wou hê—mense wat, indien nodig, bereid is om hul eie seun te offer, wetende dat God hom sal opwek om 'n belofte te vervul (Hebreërs 11:17-19). Abraham het daardie

geloof en vertroue in God gehad; en God het daardie liefde menigte kere beloon. *Alle mense wat hulle bekeer soos jy doen, Abraham—vir hulle sal ek my lewe aflê. Ek weet dat indien Ek nie sal slaag nie, niemand anders dit sal kan doen nie. Maar Ek gaan dit doen sodat ons die Familie van God kan bou.* Dit is die prys wat betaal moes word sodat ons die Heilige Gees van God kan ontvang.

SOU CHRISTUS GEFAAL HET, SOU GOD DIE VADER TOT IN ALLE EWIGHEID IN EENSAME AFSONDERING GEWEES HET! Dit is die tipe offer wat hierdie twee Godwesens vir ons gemaak het! Ons kan dit in ons verharde, menslike denke vergeet, maar God die Vader en Christus het dit gedoen—hulle het dit vir u gedoen. Hulle wil hê dat u daarvan bewus moet wees. Nie vanweë ydelheid nie, maar sodat u kan besef dat bekering alleenlik teenoor God moet wees! Ons moet verstaan wat bekering behels, indien ons deel van die Familie van God wil wees.

Bepeins die goedheid van God in diepte! Dit is so in teenstelling met *alles* wat ons in hierdie ellendige, bose wêreld sien. God sal nooit eers daaraan *dink* om Homself toe te laat om te doen wat Dawid gedoen het nie. Dit is glad nie soos Hy is nie. Sy gedagtes is in alle opsigte, in perfekte ooreenstemming met sy wet.

### 'N PSALM OOR CHRISTUS

Dawid het Psalm 22 geskryf voordat hy met Bátseba gesondig het. Na sy bekering het hy waarskynlik teruggegaan na daardie psalm en baie trane daaroor gestort—omdat hy dit toe eers werklik verstaan het. Omdat daardie psalm nie op Dawid van toepassing kon wees nie—net op Jesus Christus.

“My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul?” (Psalm 22:2). Christus het hierdie woorde uitgeroep net voordat Hy gesterf het (Matthéüs 27:46). Christus moes verlaat word omdat *Hy sonde geword het*. Dit was die eerste keer in alle ewigheid wat Christus ervaar het hoe dit voel om deur God verlaat te word, weens sonde! Kan u, *u aandeel* sien in die angs wat Christus op daardie oomblik deurgemaak het?

Dit was *nie* onmoontlik vir Christus om te sondig nie—soos sommige van God se eie mense al beweer het nie! Hy moes

elke oomblik op die weg absolute geloof in God gehad het. “Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: *Laat dit aan die Here oor! [Hy het op die Here vertrou om hom te verlos—KJV]*. Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry; Hy het mos behae in hom!” (Psalm 22:8-9; sien ook Mattheüs 27:43). Christus *het* God ten volle vertrou. Kan ons sondig indien ons dieselfde doen? Natuurlik kan ons. Netso, kon Christus ook. Om te beweer dat Christus nie kon sondig nie, ontreem Hom sy majestueuse prestasie; dit maak sy offer tot niet! Christus *het* Homself geheel en al aan God oorgegee-Hy het Hom op ‘n manier vertrou wat ons nog nooit leer doen het nie. Hy het in geloof gewandel, soos ons ook moet doen. As daar geen risiko betrokke was nie, sou dit nie *geloof* gewees het nie! HOEKOM SOU HY IN GELOOF MOES WANDEL, INDIEN DIT VIR HOM ONMOONTLIK WAS OM TE SONDIG? Hy sou dan bloot ‘n outomaat gewees het.

“Hulle het hul mond teen my oopgespalk soos ‘n leeu wat verskeur en brul. Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande. My krag is verdroog soos ‘n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood” (Psalm 22:14-16). Klink dit soos iemand wat nie kan sondig nie? Nee—dit is die woorde van iemand wat op die rand van ‘n afgrond staan en alles in die strydwerp om nie sy geloof prys te gee nie! Christus was *op die rand van daardie afgrond* as gevolg van ONS SONDES! Hy het ‘n ONTSETTENDE geseling deurgemaak weens ONS SONDES! Beskou dit vanuit God se oogpunt. Hy kon maklik gesê het, *Ja, ek weet wat jy met Uría, Bátseba en Israel gedoen het—MAAR WAT HET JY AAN MY GEDOEEN?* *Jy het my seun doodgemaak!* En boonop het jy, sy Vader deur dieper smart laat gaan! Dit is ook waarom bekering teenoor God moet wees.

Sonde is iets wat *ons met afsku moet vervul*. Ons moet bewus wees van wat Christus vir ons gedoen het. Groei in “bekering teenoor God EN geloof in ons Here Jesus Christus.” Glo in daardie offerande. Bekeer u dan tot God, wat alles so beplan het. U weet, veral as u ook ‘n ouer is, dat die Vader onbeskryflik saam met Christus moes gely het.

Indien u herhalende probleme in u lewe ondervind, evalueer u self met hierdie maatstaf. IS U BEKERING TEENOOR GOD GERIG?

Besef u eie *boosheid* voor God! Dawid was ‘n baie bose man, maar hy het baie regverdig geword—so regverdig, dat hy Israel tot in alle ewigheid sal regeer. Daar sal sekerlik mense onder hom dien wat nooit sulke bose dade gepleeg het nie. Maar die verskil is egter dat Dawid geweet het om hom te bekeer.

### PSALM 51

Laat ons Dawid se boetvaardige psalms verder bestudeer. “Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid” (Psalm 51:3). Dawid het *geen genade* vir Uriá gehad nie—en tog kon hy steeds na God gaan en om genade smeek. Dit is hoe God is en Dawid het dit geweet. Hoe wonderlik is dit nie om so ‘n liefdevolle, goedhartige en *barmhartige* God te hè—selfs wanneer ons somtyds so *genadeloos* kan wees!

Die vers sluit soos volg af, “delg my oortredinge uit na die groothed van u barmhartigheid.” Daar was meer as een sonde hier betrokke. Dawid het omtrent al wat sonde is, gepleeg. Dit is hoe iedereen van ons is, afgesonder van God.

“Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van al my sonde” (vers 4). Hoe dikwels het ons na God gegaan en om hierdie reiniging gevra en dit werklik bedoel? Dit verg moed om God te vra om jou te wys waar jy nie skoon is nie en dat Hy jou daar ook moet reinig. “Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my” (vers 5). Dawid het nie meer probeer om enigiets weg te steek nie. Hy het alles voor God gebring en korrektiewe aksie geneem.

“Teen U ALLEEN het ek gesondig, en gedoen wat verkeerd was in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou” (vers 6). Dawid het God se geregtigheid aanskou en het God se liefdevolheid verstaan. Hy was *skaam* om voor God te kom, na dit wat hy gedoen het. God was egter in Dawid se lewe teenwoordig soos Hy nog nooit voorheen was nie.

Dawid kon sy eie menslike natuur nou duidelik sien. “Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. Kyk, U het ‘n welgevalle aan waarheid in die *binneste*, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend” (verse 7-8). Dink u soos God? God verlang waarheid in ons binneste—net soos Hy self ook het. Hy verlang dat ons soos Hy moet dink. Dit is nie genoeg om *voor te gee* dat ons reg

dink nie. Dit moet wees WIE ONS in ons binneste is. Dit is die les wat God besig was om Dawid te leer. Sou u, uself met ander vergelyk, mag u moontlik dink, *Man, ek doen nogal goed*. Maar vergelyk uself met God, dan sal u werklik bekering ken.

#### DIE GOEDHEID VAN GOD LEI ONS TOT BEKERING.

Dawid het hier waarlik God se teregwysing aanvaar. “Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U VERBRYSEL HET” (verse 9-10). Wat ‘n verstommende houding: *U het my bene gebreek, o God—sal U hulle nou laat jubel?*

“Verberg U aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede” (vers 11). Dit is ware bekering teenoor God. Dawid het hier na God se goedheid gekyk en hy was so verleë oor sy eie sonde, dat hy net kon sê, *Wanneer ek in U teenwoordigheid kom, o God, sal U net U aangesig verberg?* Jesaja, het gesê dat hy ‘n man van onrein lippe was, toe hy in God se teenwoordigheid gekom het (Jesaja 6:5). Dit is ‘n baie boetvaardige houding. U sal nooit voor God op hierdie wyse kan kom, indien u, uself met ander vergelyk, eerder as met God nie.

---

### UITERSTE MAATREËLS

Ons hoor dikwels dat ons kinderlik moet word om die Koninkryk van God te beérwe. “In daardie uur het die dissipels na Jesus gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele? Toe roep Jesus ‘n kindjie na Hom en laat hom in hul midde staan en Hy sê: ‘Voorwaar Ek sê vir julle, *as julle nie verander en soos DIE KINDERTJIES WORD NIE*, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!” (Matthéüs 18:1-3). Kink maklik genoeg—word nederig soos ‘n kind. Dan is jy in die Koninkryk an alles sal reg wees.

Maar let op—Christus gaan verder: “En as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermin, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerpt te word. En as jou oog jou laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om met een oog in die lewe in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerpt te word” (verse 8-9).

## SOMTYDS IS HIERDIE SOORT OPTREDE NODIG OM NEDERIG SOOS ‘N KLEIN KINDJIE TE “WORD”!

Indien u ‘n probleem in ‘n sekere gebied het waarop u nie ‘n houvas kan kry nie, wat jou daarvan weerhou om kinderlik te word, sê Christus, moet u ALLES DOEN WAT NODIG IS OM DIT TE BOWE TE KOM! Word soos ‘n kind en gaan tot uiterstes toe, om te verseker dat u so bly. U kan nie sê, “Kyk, ek laat niemand toe om aan my voor te skryf nie.” Christus vereis dat ons ‘n *strengh wet* nakom! Selfs om net na ‘n vrou met wellus te kyk, word as owerspel gereken en Christus sê dat ons figuurlik ons oog moet uitpluk, indien ons nie selfbeheersing kan toepas nie! (Matthéüs 5:27-30). Tensy ons dit doen, verag ons God soos Dawid gedoen het! Soms moet ons tot uiterstes gaan om te oorwin.

---

### REIN HART

“Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees” (Psalm 51:12). God moet ‘n rein hart in ons binneste skep. Dawid het besef dat sy gees totaal verkeerd was, dat God in sy binneste ‘n vernuwing van sy Gees moes bewerkstellig.

Dawid kon moontlik amper die Heilige Gees deur hierdie episode verloor het. Hy het gebid, “Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie” (vers 13). U kan sekerlik afskuwelike dade pleeg en nog steeds in besit van God se Heilige Gees wees. Dit is waarom ons so naby aan God moet bly. Dawid het toegelaat dat sy swakheid die oorhand kry en dit het hom amper sy saligheid gekos (Psalm 73:2). Indien u ‘n bietjie suurdeeg in u lewe los sal dit uitrys en u hele wese met suurdeeg vul (Galásiërs 5:9). Ons kan nooit bekostig om ons *nie* tot God te bekeer nie.

“Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur u gewillige gees” (vers 14). Let daarop—alhoewel Dawid “opwindende” dinge gedoen het, soos om egbreuk te pleeg, was al sy blydschap daarmee heen! Hy was misrabel want hy was besig om God se wet te breek. Daar is geen blydschap of opwinding daarin nie. Wanneer ons God se wet breek, verbeur ons, ons blydschap. Dit kan alleenlik weer aangevuur word indien ons, ons bekeer en naby aan God bly.

Dawid het hierdie episode in sy lewe gebruik om dinge om te draai. Hy het daarna groot werke vir God verrig. “Ek wil oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer” (vers 15). Dawid wou almal bekeer om God se weë te volg—God se wette aan hulle te leer. En dit is presies wat hy ook gedoen het. Die feit is, dat hy dit nog steeds deur sy voorbeeld en wonderlike woorde doen.

“Red my van bloedskuld, o God, God van my heil!” (Vers 16). **WATTER BLOEDSKULD? DIE MOORD VAN JESUS CHRISTUS!** DAWID HET GEWEET DAT CHRISTUS VIR SY SONDE MOES STERF—DIT WAS DIE WERKLIKE BLOED WAARAAN HY SKULDIG WAS, DIE DIÉ VAN URÍA NIE. Besef u, dat *u* aan bloed skuldig is? Moenie u sondes ligtelik opneem nie—dit het die bloed van Jesus Christus gekos om daarvoor te betaal!

Dawid het besef dat die God tot wie hy gebid het, die Een was wat uiteindelik moes sterf! Dawid het dit besef! Hy was diep daardeur geraak. Alhoewel daardie offer nog nie fisies plaasgevind het nie, was dit asof Dawid tussen die Romeinse soldate was en self die spies gevat en in Christus se sy gesteek het.

Soos wat hy in verse 18 en 19 sê, God het geen lus in slagoffers en brandoffers nie. “Die offers van God is ‘n gebroke gees; ‘n gebroke en verslae hart sal U o God, nie verag nie!” (Vers 19). Wat Dawid regtig verpletter het, was dat hy begin insien het wat hy aan God gedoen het—wat sy sonde, Christus gaan laat deurmaak! Sy gebroke gees as gevolg daarvan, was presies die tipe offer wat God in Dawid wou sien.

Dawid gaan met ‘n baie hoë pos in die Koninkryk van God beloon word. Hy gaan oor die twaalf stamme van Israel regeer (Jeremia 30:9, Hoséa 3:5). Dan sal Dawid hulle leer om hul te bekeer soos hy gedoen het.

---

### **GODDELIKE BEROU TEENOOR WÊRELDSE BEROU**

Hier is ‘n voorbeeld van die bekering wat die hele Israel eendag sal beleef. “Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en *hulle sal oor Hom rouklaag soos ‘n mens rouklaag*

OOR ‘N ENIGSTE SEUN en bitterlik oor Hom ween soos ‘N MENS BITTERLIK WEEN OOR ‘N EERSGEBORE KIND” (Sagaría 12:10).

Ons moet vandag na hierdie soort bekering strewe. Ons is almal Christus se moordenaars! **ONS HET DIE EERSGEBORE SEUN VAN ONS GELIEFDE VADER DOODGEMAAK!** As ons soos God dink, sal ons dieselfde intense emosies oor ons daad ervaar as wat ons oor die verlies van ‘n eie eersgebore seun sou hê!

Nou bereik ons die kern van die verskil tussen goddelike droefheid en wêrelde droefheid. “Want die droefheid volgens die wil van God werk ‘n onberoulike *bekering tot redding*, maar die droefheid van die wêreld werk *die dood*” (2 Korinthiërs 7:10). Die rede waarom goddelike berou ‘n “onberoulike bekering bewerk,” is omdat dit veroorsaak dat u u sonde TE BOWE KOM! ‘n Persoon met wêrelde droefheid sal net vir ‘n rukkie daaroor sleg voel, maar hy sal nooit sy probleme te bowe kom nie. Met goddelike berou sal u miskien nie dadelik die probleem te bowe kom nie, maar u sal nooit tevrede wees totdat u dit oorwin het nie. U neem die probleem na God toe en strewe met u hele wese om soos God in daardie opsig te wees. Dit is dan wanneer opregte vordering gemaak word.

---

## REGERING

Een finale punt. God vestig sy regering in sy Kerk, om ons in hierdie proses te help. Die bediening is daar vir ‘n rede. “Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, WANT HULLE WAAK VIR JULL SIELE as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie, want dit is vir julle nie nuttig nie” (Hebreërs 13:7, 17).

Somtyds is bekering teenoor God ‘n kwessie van *aanvaarding van die teregwysing deur die bediening*. Hulle waak vir jul siele. God verlang dat u ‘n goeie werkende verhouding met hulle moet hê—‘n verhouding wat met blydschap gevul is en nie ‘n neerdrukkende een nie. Dit beteken egter nie dat die leraar altyd dinge op die regte wyse sal hanteer nie. Dit is wel noodsaaklik dat God ‘n regering in sy Kerk moet hê, om soms tot ons deur te dring. Bekeer u tot God en onthou dat Hy

verteenvwoordigers in die vlees het. Ekself is menigmal in my lewe tereggewys—en dit was nie altyd reg gedoen nie—, maar ek het altyd baie hard gepoog om die waarheid te aanvaar—en ek moes soms ernstig bid om dit te kan doen!

Dit is 'n gebied waar ons na God toe moet gaan en soos Dawid sê, *Deursoek my, o God. Openbaar my heimlike sondes aan my. Ek wil kinderlik wees.* Sou ons toelaat dat 'n ding sweer, sal dit wel uiteindelik tot uitbarsting kom en dan sal almal daarvan weet. Die hele wêreld sal weet wie is wie, wanneer die Groot Verdrukking kom! Hulle sal dan weet wie die Filadelfiërs en wie die Laodiceërs is—allle speletjies sal dan op 'n einde wees.

Werklike bekering kom op die volgende neer: "Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was" (Fillipense 2:5). Ons moet die gesindheid van Christus in ons hê, sodat ons soos Hy kan dink. "Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (vers 13). Dit is nie 'n menslike inspanning nie. Dit is moontlik dat ons 'n sekere probleem nie te bowe *wil* kom nie. God sê egter dat Hy ons die begeerte om dit te doen sal *gee*. ONS MOET NA GOD TOE GAAN VIR DIE BEGEERTE OM TE OORWIN. As ons dit doen, belowe Hy om ons daardie begeerte te gee. Ons BEKERING SAL TEENOOR GOD wees en dan sal ons alle struikelblokke te bowe kan kom!







## KONTAK INLIGTING

Om die Philadelphia Church of God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

**Besoek ons webwerf:** [www.pcog.org](http://www.pcog.org)

**In Noord-Amerika, kan u ons tolvry skakel:**  
1-800-772-8577

### POSADRESSE WÊRELDWYD

**Verenigde State:** Philadelphia Church of God, Posbus 3700, Edmond, OK 73083

**Kanada:** Philadelphia Church of God, Posbis 400, Campbellville, ON L0P 1B0

**Karibiese Eilande:** Philadelphia Church of God, P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

**Brittanje, Europa, Midde-Ooste:** Philadelphia Church of God, Posbus 900, Northampton, NN5 9AL, Engeland

**Afrika:** Philadelphia Church of God, Posbus 2969, Durbanville, 7551, Suid-Afrika

**Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifieëse Eilande:** Philadelphia Church of God, Posbus 375, Narellan, N.S.W. 2567, Australië

**Nieu-Seeland:** Philadelphia Church of God, Posbus 6088, Glenview, Hamilton 3246

**Filipyné:** Philadelphia Church of God, Posbus 52143, Angeles City Poskantoor, 2009, Pampanga

**Latyns-Amerika:** Philadelphia Church of God, Aandag: Spaanse Departement, Posbus 3700, Edmond, OK 73083, Verenigde State



**AFRIKAANS**—Repentance Toward God